

Julie 2009

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria. Hierdie brief het baie lank geneem om te skryf en daar is nog baie navorsing oor die onderwerp wat gedoen kan word.

'n Hele aantal jaar gelede het ek die volgende navraag gekry:

Kan jy dalk help met die volgende: Ek het onlangs inligting ontvang dat in die agterplaas by die Safari Centre 4 x 4 store, H/v. Loissstraat en Bali Ave in Newlands, Pretoria die volgende drie persone se grafstene staan.

Mathys Johannes Vermeulen

Geb: 28 Julie 1882

Oorl: 11 Julie 1951

Isabella Elizabeth Maria Vermeulen gebore Roos

Geb: 8 Nov 1887

Oorl: 19 Junie 1940

Guillaume Christoffel Vermeulen

Geb: 6 Sep 1914

Oorl: 8 Junie 1937

Al drie die persone wie se grafstene daar in die agterplaas staan is volgens inligting in die Moreletabegraafplaas begrawe. Was daar so 'n begraafplaas?? Indien wel, wat het van die ander grafte en grafstene geword?

Andries en Catharina de Beer se plek van afsterwe word ook as Garsfontein aangedui. Indien daar dalk 'n plaas begraafplaas was, waarom sou net die drie grafstene behoue gebly het?

Die volgende antwoord op die navraag het gekom van Johan Vermeulen:

Matthys Johannes VERMEULEN,

gebore op Garsfontein, 28 Julie 1887, oorlede Parktown, Pretoria 11 Julie 1951.

Matthys se vrou, Isabella Elizabeth Maria VERMEULEN,

gebore ROOS, gebore Rooipoort, Bronkhorstspruit op 8 November 1887, oorlede 19 Junie 1940.

Matthys was die seun van Andries Johannes VERMEULEN en Catharina Elizabeth DE BEER. Volgens Andries en Catharina se testament gedateer 6 Desember 1922 het Matthys die oostelike gedeelte van Garsfontein wat aan sy ouers behoort het, geerf. Andries se plek van afsterwe word ook as Garsfontein, Pretoria aangedui.

Guillaume Christoffel VERMEULEN

gebore 6 September 1914, oorlede 8 Junie 1937. Hy was ongetroud.

Hy was weer die seun van Guillaume Christoffel VERMEULEN, die ander seun van Andries en Catharina.

Margaretha Johanna ROOS, 'n suster van Isabella Elizabeth ROOS.

Die navraag het my laat besluit om te kyk wat ek kan uitvind oor die Vermeulens en om ook te probeer vasstel waar pas Kootjie en Hendrik Vermeulen, twee van die

eerste bewoners van Kerkplein, in die prentjie in. Vandag ploeg ek met ander mense se kalwers. Behalwe waar anders vermeld kom al die inligting uit **Die Geslagsregister van die Vermeulen Familie in Suider-Afrika, saamgestel deur Johan en Izak Vermeulen. Uitgegee deur die Bond van die Vermeulen Familie, 2004 ISBN 0-620-31949-6**, en uit 'n artikel **Die eerte bewoners van Kerkplein Pretoria** deur Sophia du Preez [Dokumentasiediens, S.A. Weermag] wat in die Afrikana Tydskrif van 1988 verskyn het.

Die Vermeulens het – soos baie ander trekkers – 'n lang trekker-familiegeskiedenis.

Guilliam Christoffel Vermeulen [2124 d8] het in die oostelike Karoo geboer en was 'n trekboer wat jare voor die Groot Trek periodiek buite die koloniale grense beter weiveld gaan soek het. As veeboer het hy ook te kampe gehad met die talle probleme wat koloniste in die uithoek van die Kaapkolonie te bowe moes kom. In die negentiende eeu was daar Boesman rooftopte (wat by herhaling skade en verpligte kommandodiens meegebring het), droogtes, springkane en trekbokke (wat meegehelp het om 'n chroniese tekort aan weiveld te veroorsaak).

Die Vermeulens het waarskynlik, soos ander boere indertyd, stadig noordwaarts begin trek. Die grondgebied binne koloniale grense was te min om in die groeiende grondbehoeftes van die veeboere te voorsien. As gevolg hiervan was families later eenvoudig verplig om landgrense oor te steek. 'n Man soos Guilliam Vermeulen kon aanvanklik met sy pa 'n plaas deel. Namate sy boerdery en die van sy vier ouer broers uitgebrei het, moes hy elders heenkome soek.

Guilliam en sy oudste suster (Johanna Catharina Vermeulen [7 d1]) se skoonseun Frederik Coenraad de Beer (x Johanna Catharina Sophia van den Berg), het albei 'n paar seuns gehad oor wie se toekoms as veeboere hulle waarskynlik bekommert was. Hulle moes soms bespiegel het oor die boerderyprobleme in die Kaapkolonie en spesifiek op en agter die Sneeuberge, waar hulle teen 1818 gewoon het. Na 1840 verskyn daar gereeld in die doopregisters die byskrif "over de Grensen".

Op 12 Junie 1836 trou Guilliam Vermeulen se dogter Catharina Elizabeth Vermeulen met Frederik Jacobus Matthys De Beer [9 f1], seun van Frederik Coenraad de Beer, en op 2 Oktober 1843 trou nog 'n dogter van Guilliam, Maria Adriana Vermeulen met Matthys Johannes de Beer [10 f2], 'n broer van Frederik Jacobus Matthys de Beer.


In die somer wat gevolg het op die slag by Boomplaats (28 Augustus 1848) het 'n groepie Vrystaters, onder wie die Vermeulens, die Minnaars en die Fouries, na die Magaliesberge in die Transvaal getrek en op die plase Elandspoort en Daspoort aan die Apiesrivier aangekom. Hier het die vlugtelinge uitgespan op die terrein waar Burgerspark vandag geleë is.

Josef Fourie het verder noordwaarts getrek terwyl van die ander emigrante op plase suid van die Magaliesberge gaan woon het. Van die Vermeulens het besluit om hulle voorlopig op die "Bonteved" te vestig. Dit was 'n hoogtetjie naby die Apiesrivier wat, volgens Mieta Bronkhorst (later die bruid van Phillip Minnaar) so genoem is vanweë die kolagtige voorkoms van die plantegroei in die gebied.

Destyds was daar reeds verskeie Voortrekkerfamilies op plase in die omgewing gevestig, maar niemand kon voorspel dat die "Bonteved" uiteindelik die bekende Kerkplein van Pretoria sou word nie.

Plase in die omgewing van Pretoria is reeds so vroeg as 1841 uitgemeet. Veldkornet (later kommandant) Gert Kruger het naamlik in opdrag van die Volksraad in Augustus 1841 'n plaasinspeksie onderneem. By die geleentheid is onder meer die plaas Groenekloof vir Lucas C. Bronhorst uitgemeet en die buurplaas, Elandspoort, aan sy broer Johannes Gerhardus Stephanus Bronhorst toegeken, terwyl F.W.J. du Plessis die baas geword het van Dassiespoort. Ander inwoners was die weduwee Helena Hennop, aan die Hennopsrivier, Daniël Erasmus die jonge, op Doornkloof, sy vader op Swartkop, en weduwee-skoonsuster Susanna Margaretha (gebore Jacobs) op Rietvlei. Susara Johanna Bronhorst het toe op Garstfontein gewoon, Willem Jacobus Botha op Rhenosterpoort (later die Pretorius-broers se plaas Broederstroom) en W.A. du Plessis op Hartebeestpoort – almal eerste bewoners van plase wat vandag alom bekend is. Sien ook die Pretoria Brief van Oktober 2003 vir aanvullende inligting.

'n Blik op die kaart van hierdie eerste plase wat tussen ongeveer 1840 en 1855 in die omgewing van Pretoria uitgemeet is, toon duidelik die belangrikheid van vars fonteinwater vir die Voortrekker. Die eerste bewoners het hulle plase rondom fonteine uitgemeet en dit is dan ook die fonteine wat in die huidige Burgerspark ontspring het, sowel as ander op die terrein teenoor die Proviniale Administrasiegebou in Pretoriussstraat en by die voormalige Fonteinlaan (tans Volksstemlaan) wat die Vermeulens in die eerste plek by die "Bonteveld" laat uitspan het.



Kerkplein en Vermeulenstraat

Die twee jongste seuns van Guilliam Christoffel Vermeulen [2124 d8], nl. Hendrik Johannes Vermeulen [2878 e6] en Jacobus Gerhardus [ook genoem Kootjie] Vermeulen [2941 e7], het hulle gevestig waar Kerkplein later uitgelê is. Vermeulenstraat is na hulle vernoem.

Gustav Preller het beweer dat die jongste van die twee broers, Jacobus Gerhardus [Kootjie], die bekende Landdros van Winburg was. Uit argiefstukke kan vandaag bewys word dat nie Kootjie óf sy oudste broer Jan Gabriel Vermeulen [2125 e1], met dieselfde voorletters, die landdros was nie.

Kootjie en sy broer Hendrik het in die omgewing van die huidige Kerkplein gaan woon. Hulle was boere en het as tuiniers 'n aandeel gehad in die aanlê van 'n watervoer na die Kerkplein. Hendrik se huis het op die terrein van die huidige paleis van Justisie gestaan, terwyl Kootjie in 'n baksteenhuise gewoon het waar later die Capital Teater (langs die oostelike ingang tot die huidige gebou van die Transvaalse Provinciale Administrasie) opgerig is. Beide broers het ook ondervinding van messelwerk gehad en het gehelp met die oprigting van die eerste kerkie op Kerkplein. Die gemeente het bekend gestaan as Pretoria Philadelphia Broederschap. Kootjie self was jare lank koster van die gemeente.

'n Kommissieraad van die Volksraad vergader van 27 tot 30 Mei 1856 "ten huizen van den heer Vermeulen" (Hendrik) en word bepaal dat Pretoria die hoofstad sou wees.

Hendrik het hom veral besig gehou met perdekoetsritte na Oos-Transvaal. Dat Hendrik 'n vername rol gespeel het in die openbare lewe vind ons o.a. ook in die volgende: In die Staatskoerante van 28.12.1871 en 3.09.1872 word hy as "lid van die Landkommissie aangewys". In die Staatskoerant van 10.07.1866 word hy as Heemraadslid aangewys. In die Staatskoerant van 30.08.1873 word hy as lid van die Heemraad herkies.

Hendrik het in 1859 sy pa Guilliam Christoffel [2124 d8] se suidelike deel van die plaas Hartebeestpoort geërf. Die plaas is in 1853 deur sy pa en dié se skoonseun, Frederik Jacobus Matthys de Beer, van David Adolph Michael Botha aangekoop. Die oordag van die plaas na Hendrik vind plaas op 28 Oktober 1859.

In die slag van Boomplaats op 29 Augustus 1848 is Kootjie in die knieskyf gewond. Hy het daarna mank geloop en is die stuk lood eers 40 jaar later uit sy knie verwyder!

Ek het onlangs die volgende gelees: "Jacobus Vermeulen was **blybaar** 'n wewenaar wat na sy aankoms by die Apiesrivier nie gras onder sy voete laat groei het om by sy buurman, veldkornet Andries van der Walt, se dogter Phillipina Susanna te kuier nie. Die veldkornet het waarskynlik grond besit wat voorheen aan J.G.S. Bronkhorst behoort het en sy kliphuis was tussen die Apiesrivier en Pretoriastasie, waar die Bereahotel later gebou is, geleë." Argivale bronne het nou bewys hy is wel met Philippina Susanna van der Walt getroud maar die huwelik was in Colesberg op 29 Junie 1848, d.w.s. lank voor sy aankoms in Pretoria. Phillipina Susanna van der Walt is die dogter van Andries Petrus van der Walt [veldkornet] en Cornelia Magdalena Potgieter. (Ek het nog altyd gewonder hoekom is die twee Vermeulenbroers toegelaat om 'n ander man se plaas [deel van die plaas Elandsport] te bewoon. Die tyd het my nou ingehaal maar ek sal later kyk wanneer Andries van

der Walt op die plaas kom woon het. Is dit nie moontlik ook die rede hoekom die groep Vermeulens na Elandsport getrek het nie?)

Hartebeestpoort [Silverton]

Die plaas Hartebeestpoort is in 1853 deur Frederik Jacobus Matthys de Beer [9 f1] en sy skoonpa Guilliam Christoffel Vermeulen [2124 d8] van David Adolph Michael Botha aangekoop. Die oordrag het op 20 April 1853 geskied. Hendrik Vermeulen [2878 e6] erf in 1859 sy pa se deel van die plaas (die suidelike deel). Hierdie oordrag vind op 28 Oktober 1859 plaas. Silverton word later op 'n deel van die plaas aangelê. Die huis op die plaas (Guilliam se woonhuis) het die eiendom van die stadsraad van Silverton geword. Silverton is gedurende 1964 by groter Pretoria geïnkorporeer. In 1972 skenk die Stadsraad van Pretoria die huis aan die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum. Die huis heet vandag die Pioniersopelugmuseum. Frederik de Beer, wat op die Noordelike deel van die plaas geboer het, het die plaas in 1872 verkoop aan Cornelis Moll.

In 1873 verkoop Hendrik sy gedeelte aan sy seun Jan Albert [f4], sy skoonseuns Guillaume Schoombe Pretorius en Willem Adriaan Fourie vir 105 pond elk. Op 25 September 1874 verkoop die drie die plaas aan die Duitser Hans Heinrich Mundt vir 'n bedrag van 1,400 pond. Oordrag van die eiendom geskied op 22 Maart 1875. 'n Gedeelte van die plaas staan vandag bekend as Die Wilgers. Silverton word ook later op 'n deel van die plaas aangelê. Moreletaspruit loop deur 'n gedeelte van die grond. Mundt se vrou se naam was Aletta. Dit word vertel dat verbygaande reisigers Aletta geskreeugroet het met "Môre, Letta!". Moreletaspruit het so sy naam gekry.

Garstfontein

Andries Johannes Vermeulen [2224 g4] en sy vrou Catharina Elizabeth de Beer [11 g1] het op Gedeelte D van die plaas Garsfontein gewoon. Sy het die plaas van haar ouers Matthys Johannes de Beer [10 f2] en Maria Adriana Vermeulen geërf. Die totale plaas was 911 morge 590 vierkante roede groot. Gedeelte D was slegs ongeveer 91 morge groot en was geleë in die huidige Menlyn sakekompleks. Andries koop in 1905 twee gedeeltes van die plaas Waaikraal in die Delmas distrik. Hier ontmoet hul seuns Matthys Johannes [2226 h2] en Guillaume Christoffel die buurplaas Rooipoort se dogters Isabella en Margaretha Roos. Hul is onderskeidelik in 1906 en 1907 getroud. Die dogter Catharina Isabella trou in 1914 met Jan Albert van der Schyff. Hulle het op Garsfontein gewoon. Andries en Catharina keer gedurende 1917 na Garsfontein terug. Die volgende is 'n uittreksel uit Andries en Catharina se testament: "Wij de ondergetekenen Andries Johannes Vermeulen en Catharina Elissabetha Vermeulen gebore de Beer bemaak onze gedeelte van het plaas Garsfontein 428 aan onze kinderen met onze lewens regter op uit gehout waar van Matthys Johannes Vermeulen het Oostelyke gedeelte heeft met het huis Jan Albert van der Schyff het middelste gedeelte met het huis Guillaume Christoffel Vermeulen het Westelyke gedeelte heeft. Elke kind moet het derde deel van zyn gezaaide af geeft aan zyn ouders. Garsfontein 6^{de} Mei 1922".

**Hieronder volg slegs 'n opsomming van die inligting uit Die Geslagsregister van die Vermeulen Familie in Suider-Afrika, saamgestel deur Johan en Izak Vermeulen.
Uitgegee deur die Bond van die Vermeulen Familie, 2004
ISBN 0-620-31949-6.**

- 7 d1 **Johanna Catharina VERMEULEN**; ± 1773 x 31.10.1790, **Jacobus (Petrus) VAN DEN BERG**. Graaff-Reinet ± 1763, □ 27.11.1763. Sy doopdatum word ook as 22 November 1763 aangedui. Jacobus is 'n broer van Barend VAN DEN BERG wat met 'n suster van Johanna, naamlik Catharina Elizabeth VERMEULEN, getroud was.
- 8 [e1] **Johanna Catharina Sophia VAN DEN BERG**: □ Paarl 06.10.1793, † Colesberg, 24.12.1842 x 29.11.1811. **Frederik Coenraad DE BEER** ± 1792, □ Graaff-Reinet 20.10.1792, † Hartebeestpoort, Pretoria, ± 1860.
- 9 [f1] **Frederik Jacobus Matthys DE BEER**: 11.08.1811, □ Graaff-Reinet 26.12.1811, † Strypan 12.04.1892. Sy name word soms ook aangedui as Frederik Mattheus Jacobus DE BEER of Fredrik Matthys Jacobus DE BEER. x 12.06.1836, **Catharina Elizabeth VERMEULEN** (d.v. Guilliam Christoffel VERMEULEN & Johanna Philippina WOLFAART), 09.08.1815, □ 30.10.1815, † 16.09.1892.
- 10 [f2] **Matthys Johannes DE BEER**: 11.06.1820, □ Graaff-Reinet 03.07.1820, † Garsfontein, Pretoria 21.04.1879. Matthys se broer Frederik is met Maria se suster Catharina getroud. x Colesberg 02.10.1843, **Maria Adriana VERMEULEN** (d.v. Guilliam Christoffel VERMEULEN & Johanna Philippina WOLFAART), 31.01.1825, † Garsfontein, Pretoria 21.10.1901.
- 11 [g1] **Catharina Elizabeth DE BEER**: . Garsfontein, Pretoria 19.11.1856, † Garsfontein, Pretoria 05.08.1952 »□ Haar erfgrond op Garsfontein was waar die groot Menlyn sakesentrum tans geleë is. x Pretoria Gerf. Kerk 21.01.1878, **Andries Johannes VERMEULEN** (s.v. Guilliam Christoffel VERMEULEN & Catharina Isabella (Sybilla) DU PLESSIS), . Vogelfontein, Colesberg 14.11.1857, † Garsfontein 428, Pretoria 03.05.1928.
- 12 [g2] **Jacobus Coenraad DE BEER**: 25.02.1859, □ 10.05.1859, † __.03.1900 x **Maria Sophia VERMEULEN** (d.v. Guilliam Christoffel VERMEULEN & Catharina Isabella (Sybilla) DU PLESSIS), . Knoffelfontein. 06.11.1865, □ Colesberg 04.03.1866.
- 2124 d8 **Guilliam Christoffel VERMEULEN**: ±1788, □ 05.11.1788 x Graaff-Reinet 03.04.1809, **Johanna Philippina WOLFAART**, □ Paarl 16.06.1786, □ Hartebeestpoort, Pretoria.
- 2125 e1 **Jan Gabriel VERMEULEN** (s.v. Guilliam Christoffel VERMEULEN en Catharina Isabella DU PLESSIS) . Renosterberg, Colesberg ± 1809, □ Colesberg 03.04.1809, † Rietrivier, Colesberg 04.11.1839 x Graaff-Reinet 27.05.1832, **Johanna Aletta VAN VREDEN** (d.v. Petrus Hermanus VAN VREDEN & Catharina Maria MEYER), . 17.04.1816, □ Graaff-Reinet 25.08.1816.
- (BAIE NB. HIERDIE JAN GABRIEL IS NIE DIE EEN WAT DIE EERSTE LANDDROS OP WINBURG WAS NIE)
- 2126 f1 **Guilliam Christoffel VERMEULEN** (s.v. Jan Gabriel VERMEULEN en Johanna Aletta VAN VREDEN) * Renosterberg, Colesberg 11.05.1833, □ Graaff-Reinet 22.09.1833, † Garsfontein, Pretoria 27.07.1879 »□ Guilliam se geboortedatum word ook aangedui as 21.03.1833 en sy sterfdatum as

27.11.1879. Catharina Isabella (Sybilla) DU PLESSIS . 31.07.1836,
□ 26.03.1837 »□ Catharina word op 6 Desember 1889 as voog oor haar
onmondige kinders aangestel.

2224 g4 **Andries Johannes VERMEULEN** (seun van Guilliam Christoffel
VERMEULEN en Catharina Isabella DU PLESSIS) . Vogelfontein, Colesberg
14.11.1857, † Garsfontein 428, Pretoria 03.05.1928 x Pretoria Gerf. Kerk
21.01.1878, **Catharina Elizabeth DE BEER** (d.v. Matthys Johannes DE BEER
& Maria Adriana VERMEULEN), . Garsfontein, Pretoria 19.11.1856,
† Garsfontein, Pretoria 05.08.1952.

2225 h1 **Maria Adriana VERMEULEN**, Pretoria ± 1880, † Jonk Oorlede.

2226 h2 **Matthys Johannes VERMEULEN** . Garsfontein, Pretoria. 28.07.1882,
† Parktown, Pretoria 11.07.1951, □ Begrawe op Gedeelte D van Garsfontein,
Pretoria. x Erasmus, Bronkhorstspruit 1906, **Isabella Elizabeth Maria ROOS**
(d.v. Philippus Petrus ROOS & Isabella Maria Susanna NEL), . Rooipoort,
Bronkhorstspruit 08.11.1887, † Pretoria, Algemene Hospitaal 19.06.1940,
□ Begrawe op Gedeelte D van Garsfontein, Pretoria. »□ Die volgende inligting
verskyn o.a. op Isabella se sk.: Ouderdom ten tye van haar afsterwe 52 jaar
en 7 maande, Eggenote se beroep : "Niks Enviliede, Woonagtig : 166 Tiende
Laan, Villieria, Pretoria. xx Delmas, **Susara Magdalena (Sarie)** NN
. 22.12.1869, † Delmas 04.05.1967, □ Delmas Begraafplaas. »□ Matthys se
sk. toon 'n tweede huwelik met 'n Sarie Vermeulen, nooiensvan nie vermeld.
In die Delmas begraafplaas is begrawe Susara Magdalena (Sarie),
* 22.12.1869, ouderdom ten tye van afsterwe aangedui as 97 jaar.

2877 e5 **Catharina Elizabeth VERMEULEN:** . 09.08.1815, □ 30.10.1815,
† 16.09.1892 x 12.06.1836, **Frederik Jacobus Matthys DE BEER** (s.v. Frederik
Coenraad DE BEER & Johanna Catharina Sophia VAN DEN BERG),
. 11.08.1811, □ Graaff-Reinet 26.12.1811, † Strypan 12.04.1892.

2878 e6 **Hendrik Johannes VERMEULEN:** . Colesberg 13.08.1819, † Witfontein,
Potchefstroom. 04.01.1895 x Colesberg 07.02.1842, **Johanna Sophia VAN
NIEKERK** (d.v. Jan Albert VAN NIEKERK & Aletta (Margaretha) Maria VAN
DER MERWE), . 24.10.1820, □ Graaff-Reinet 19.11.1820, † ± 1872 xx
Potchefstroom. 03.06.1873, **Johanna VAN TONDER**.

2941 e7 **Jacobus Gerhardus (Kootjie) VERMEULEN:** . Colesberg 15.05.1821,
† Pretoria 08.11.1898 x **Heiltje Magdalena ESTERHUIZEN** (d.v. Christoffel
Johannes ESTERHUIZEN & Hilletje Magdalena PRETORIUS), . Beaufort-Wes
10.07.1823, □ Beaufort-Wes 04.01.1824, † 26.05.1847 xx Colesberg
29.05.1848, **Philippina Susanna VAN DER WALT <178>**, . "Kaapsche Kolonie"
28.12.1833, † Pretoria 11.10.1889

Die volgende van Carol Hardijzer

Rosa,

‘n Uitstekende publikasie wat ek kan aanbeveel aan die lezers van jou nuusbrief is “Village Life”.

Ek is waarskynlik ietwat bevooroordeel, aangesien ek self artikels plaas in hierdie publikasie, maar glo dat dit ‘n uitstekende publikasie van hoogstaande gehalte is. Hierdie kwartaallikse publikasie spreek ‘n leemte in die mark aan rondom, onder andere, Suid Afrikaanse geskiedkundige, kulturele en natuuraspekte.

Die redakteur/publiseerder (Maré Mouton) is uiter kundig en hoogs ervare in die bedryf. Die publikasie word ook nie oorwelding deur advertensies nie.

Meer besonderhede rondom “Village Life” asook inskrywingsbesonderhede kan op www.villagelife.co.za bekom word.

Vriendelike groete

Carol

Groete tot volgend maand
Rosa Swanepoel